Tolletjie Brei

My Ma en Oumas is sonder enige twyfel die slimste mense wat ek ken. Hulle het ons klomp kinders maak groente eet deur dit te kamoefleer met ‘n kaassous, ons oortuig dat die Paashaas net eiers los in netjies gepakte klerekaste en ons handige “speletjies” geleer soos Tolletjie Brei.
In die ou dae het ons niks geweet van winkel-truie nie; truie en enige ander wol dingetjie is by die huis gebrei met die hand of op Ma se breimasjien. So tussendeur die skooltruie en toilet papierrol oortreksels het Ouma Johanna nog tyd gekry om hondejassies te brei wat sy verkoop het. Die hondejassies moes afgerond word met tolletjie-wurms en ons kinders is toe geleer hoe om tolletjie te speel. Elke brak op ons blok het gespog met ‘n Ouma Johanna jas en elke jas was afgerond met wurmpies gebrei deur Ouma Johanna se tolletjies-spelende kleinkinders.
Die tolletjies wat ons destyds gebruik het was Ouma se leë hout garetolletjies met vier klein spykers bo in gekap. Jy kry nou die oulikste brei tolletjies te koop, maar ek moet erken dat Ouma se tolletjies die lekkerste nog gebrei het.
Net gou terug na die toilet papier oortreksels. Wees nou eerlik, jou huis het destyds ook ‘n toilet papier oortrekseltjie of twee gehad, nê?

BENODIGHEDE / SUPPLIES

Wol / Yarn
Brei tolletjie / Knitting spool
Hekel pen / Crochet needle
Wol-naald / Yarn needle
Skêr / Scissors

STEKE OPSIT

Ek is regshandig, so al die fotos en die video in hierdie blog-inskrywing is gemaak op die regshandige kloksgewys metode. Linkshandige persone kan steeds hierdie stappe volg, maar op ‘n linkshandige antikloksgewyse manier. Die tolletjie wat ek gebruik het is die standaard 4 pennetjie tolletjie.
Trek die punt van die wol deur die tolletjie (van bo af na onder). Die punt van die woldraad moet so 10cm onder die tolletjie uitsteek. Hou die tolletjie vas met jou linkerhand en die woldraad met jou regterhand. Draai die woldraad antikloksgewys om die eerste pennetjie en trek hom kloksgewys oor na die volgende pennetjie. Herhaal die proses tot op die 4de pennetjie.

CAST ON

I'm right handed, so all the photos and the video in this blog entry was made using the right-handed clockwise method. Left-handed individuals can still follow these steps, but in a left-handed anti-clockwise manner. The spool I used is the standard 4 peg spool.
Thread the yarn through your spool from top to bottom. There should be at least 10cm of yarn visible below the spool. Hold the spool firmly with your left hand and the yarn with your right hand. Wind the yarn counter clockwise around the first peg and then spool the yarn clockwise to the next peg. Repeat this process with remaining three pegs.

BREI

Hou beide die tolletjie en die woldraad vas met jou linkerhand en die hekelpen met jou regterhand. (sien foto hier onder). Spoel die woldraad kloksgewys oor die eerste pennetjie, net bo die bestaande steek. Haak die bestaande steek liggies met die hekelpen en trek hom oor die pennetjie. Spoel-hak-trek, so maklik soos dit. Soms sukkel van die dikker wolsoorte om netjies deur die tolletjie te gaan, so ek trek gewoonlik liggies aan die wolpunt (of wol-wurm) na so 4 of 5 steke om die wurm aan te help. Moenie die woldraad te styf spoel nie, anders word die steke moeilik om te haak. Probeer ook om jou woldraad se spanning reëlmatig te hou van begin tot einde, anders eindig jy dalk op met ‘n vet wurm wat hier en daar lyk asof hy honger gely het.

KNIT

Hold both the spool and the yarn firmly with your left hand and crochet pen with your right hand (see photo below). Spool the yarn clockwise over the first peg, above the existing stitch. Using the crochet pen, gently lift and pull the existing stitch over the peg. Spool-lift-pull, as easy as that. Thicker wool types sometimes require some assistance to pass through the spool, so I usually pull gently on the yarn at the bottom (or wool-worm) after about 4 or 5 stitches. Do not spool the yarn too tightly as this will make the stitches difficult to lift and pull. Also try to keep your yarn tension consistent from beginning to end or you might end up with a fat worm that looks like it was occasionally starved.

FOUT REGMAAK

Woldraad wat te styf gespoel was,‘n pennetjie wat oorgeslaan was of selfs ‘n steek of twee wat geval het - foutjies gebeur met die beste van ons, maar hulle is gelukkig maklik om reg te maak. Haal al vier (of minder) steke van die tolletjie af en trek die wurm so entjie op. Trek die woldraad en rafel die wurm uit tot net verby die foutjie. Haak die vier steke terug op die pennetjies.

FIXING A MISTAKE

Yarn spooled too tightly, a skipped peg or even a dropped stitch or two - mistakes happen to the best amongst us and they’re easy to fix. Remove all four (or less) of the stitches on the spool and pull the worm out through the top. Pull the yarn and unravel the worm to just past the mistake. Place the four stitches back on the pegs.

WOL BY LAS

As jy ‘n baie lang wurm brei of meer as een kleur wil gebruik, moet jy leer hoe om ‘n netjiese las te maak tussen twee bolle wol. As kind het ek sommer die twee bolle wol gelas met ‘n eenvoudige knoop, maar dan moes ek sukkel om die onooglike puntjies weg te werk in die wurm se lyf in. Ek het latere jare die “Russian Join” geleer wat so rapsie moeiliker is as ‘n knoop, maar ‘n mooier las maak.

Begin met die woldraad in die tolletjie. Die woldraad moet so 15 tot 20cm lank wees. Ryg die punt van die wol deur die ogie van die wol-naald. Draai die naald om sodat hy parallel met die wol-draad is, druk die punt van die naald binne die woldraad en werk die naald op al in die middel van die woldraad tot dat jy so 2cm se opgehoopte wol op die naald het. Hou die wol-ogie op die punt stewig vas en trek die naald versigtig deur die wol. Moet nog nie die opgehoopte wol platstryk nie. Vat nou die punt van die nuwe bol wol en ryg die punt deur die ogie van die wol-naald. Druk die naald deur die wol-ogie van die eerste woldraad en trek die nuwe woldraad deur die wol-ogie. Draai die naald parallel met die nuwe woldraad en herhaal die bogenoemde ophopie-proses. Trek aan die twee woldrade sodat die ogies mooi styf las en stryk die wol plat met jou vingers. As daar nog ‘n stertjie uitsteek kan jy hom netjies teen die woldraad afknip met ‘n skêr.

JOINING YARN

If you are knitting a very long worm or want to add another colour to your worm, you have to learn how to make a neat joint between two balls of yarn. As a child, I joined the two balls of yarn with a simple knot, but then I had to struggle to work the unsightly ends into the worm's body. In later years I learned how to do the "Russian Join " which is a little harder than making a knot, but makes a must nicer joint. Start with the yarn in the spool. The yarn should be about 15 to 20cm long. Thread the end of the yarn through the eye of the yarn-needle. Turn the needle so that it is parallel to the yarn, press the tip of the needle into the yarn and work the needle up the middle of the yarn until you have accumulated about 2cm of compacted yarn on the needle. Hold the yarn-eye on the tip firmly and pull the needle carefully through the yarn. Do not iron out the compacted yarn yet. Now take the new ball of yarn and thread the end through the eye of the yarn-needle. Thread the needle through the yarn-eye of the first yarn and pull the new yarn through the yarn-eye. Turn the needle parallel with the new yarn and repeat the above mentioned process. Pull the two yarns to make a nice tight join and smooth flat with your fingers. If there is an end sticking out you can cut off with the scissors.



STEKE AFHAAL

Begin by die pennetjie waar jy die laaste steek gesit het (“Peg 1”). Haal die steek van Peg 1 af en sit hom op Peg 2. Haak die bestaande steek op Peg 2 met die hekelnaald en trek hom oor Peg 2. Haal nou die oorblywende steek van Peg 2 af en sit hom op Peg 3 en herhaal die proses. Sit Peg 3 se oorblywende steek op Peg 4 (die laaste pennetjie) en haak en trek Peg 4 se bestaande steek oor. Jy sal nou net een steek oorhê op Peg 4. Haak die laaste steek vas, haal hom van die tolletjie af en trek die laaste stuk van die wol-draad deur die “ogie” om hom stewig vas te maak.

CAST OFF

Starting with the peg where the last stitch was created ("Peg 1"). Remove the stitch from Peg 1 and put it on Peg 2. Lift the existing stitch on Peg 2 with the crochet needle and pull it over Peg 2. Now take the remaining stitch Peg 2 and put it on Peg 3 and repeat the lift & pull process. Put Peg 3’s remaining stitch on Peg 4 (the last peg) and then lift and pull Peg 4’s existing stitch. Now you will have

only one remaining stitch on Peg 4. Lift the last stitch off the spool with the crochet needle and then pull the end of the yarn through the "eye" to secure it.



Submitted by Toeka se Kind